Sondagskool 1

Lestitel: Daniël voor Bélsasar

'n Ouerhandleiding

Sondagskooltuisonderrig

Liewe Ouer

Welkom by die les **“Daniël voor Bélsasar”**

Hierdie dokument gee u 'n basiese handleiding oor hoe die les aangebied kan word.

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Hier volg 'n paar wenke vir voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
1.	Verkry toegang tot die webtuiste van die Nuwe Apostoliese Kerk deur die volgende in te sleutel of deur op die volgende WhatsApp-skakel te druk: https://bit.ly/3NACSSHS
2.	Versamel die volgende hulpmiddels om te verseker dat u vir die les gereed is: • Bybel • Die les in PDF-formaat wat reeds voorberei is • Kind se werkboek, potlode, kryte, ens. • Die kort video, wat 'n addisionele / opsionele hulpmiddel is • Kategismus in Vrae en Antwoorde (veral vir Konfirmasie) **Nota**: 2.1: Die ideale tyd om die les aan te bied is na die Sondagoggendgodsdiens, om sodoende in lyn met die normale Sondagskooltyd roetine te behou. 2.2: Hou die les so bondig (kort) moontlik. Hou die aandagspan (om te fokus op die les) van ons kinders in gedagte. U ken u kind die beste! Normaalweg duur Sondagskool nie langer as 45 minute nie. 2.3: Die les is vir ‘n spesifieke klas (Sondagskool (SS), Godsdiensonderig (RI) of Konfirmasie (Conf)). 2.4: Kontak gerus u Sondagskoolonderwyser indien u ondersteuning vereis of van bogenoemde hulpbronne benodig.
3.	Bid (sien die gebed aan die einde van hierdie dokument) en vra God om u as instrument te gebruik om die les aan te bied soos Hy dit wil hê.

Bied 'n Sondagskoolles tuis aan

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Ons gaan voort om 'n paar wenke te gee rakende voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
4	Skep 'n aangename en steurnisvrye leeromgewing waar u en die kind / kinders op dieselfde vlak kan wees. **Voorbeeld**: Sit op 'n mat of om 'n tafel.
5	Lees die les deur. Lees weer deur die les sodat u dit verstaan. Kyk na die kort video van die les om 'n beter begrip van die les te kry.
6	Maak vir jouself aantekeninge oor belangrike punte wat jy graag wil onthou.
7	Verstaan die doelwit van die les, wat deur u kind onthou moet word.
8	Bied die les vir u kind aan.
9	Wys vir jou kind die video en bespreek die betekenis daarvan.
10	Verwys u kind na die aktiwiteit in die kind se werkboek
11	Bid of vra u kind om te bid om sodoende die les af te sluit.

Beskikbare hulpmiddels vir tuisonderrig

Hiermee 'n paar hulpmiddels om die gehalte van die les te verbeter:

1. Gesels via WhatsApp met 'n ander Sondagskoolfamilie.
2. Bespreek die les met ander ouers om duidelikheid te kry voordat dit aangebied word.
3. Dit staan u vry om self navorsing te doen vir addisionele(ekstra) inligting.

Die Les

Lestitel	Daniël voor Bélsasar
Bybelwoord	Daniël 5: 1-30
Lesdoelwit	Die kinders erken God se mag

Lesopsomming:

• Nebukadnésar het alles wat hy van God geweet het, by Daniël geleer. Toe die koning oud was, het hy groot agting vir God gehad. Na sy dood het sy seun Bélsasar koning geword.
• Bélsasar het geen respek vir God gehad nie en hy het die Here bespot.
• God het 'n spesiale boodskap vir Bélsasar gehad wat hy teen die muur geskryf het.
• Slegs Daniël kon die boodskap ontsyfer: “Mene, Mene Tekel, U-pharsin”.
• Die betekenis van hierdie woorde is soos volg:
God weet die duur van u lewe. Dit het tot 'n einde gekom. God het na u dade gekyk en bevind dat u te min goed gedoen het. U koninkryk sal verdeel word en aan ander gegee word.
• Dieselfde nag is God se woord vervul

Wat beteken hierdie les vandag vir ons?

- God het 'n spesiale boodskap vir Bélsasar en vir ons gehad.
- Ons erken God se mag.
- God is in beheer van ons lewens.
- Hy wil hê wat die beste vir ons is.
- Laat ons daarna streef om meer goeie dade in die werk van die Here te doen.

Sommige vrae wat ons kan vra:

1. Wie was die vader van Bélsasar?

***Antwoord**: Nebukadnésar.*

2. Hoeveel gaste was daar by die fees?

***Antwoord**: 1000*

3. Wie het die boodskap van God aan die muur ontsyfer?

***Antwoord**: Daniël*.

Bykomende opmerkings Beste ouers

1. Die aktiwiteit wat in die werkboek van die kind gedoen moet word, is op bladsy 16. Dit is deel van les 3.3. Dit kan gedoen word nadat die les aangebied is, of as u dit verkies kan u dit as 'n aktiwiteit saammet u kind doen.

'N Gebed vir Pappa en Mamma om voor die les te bid:

Liewe Heer baie dankie vir hierdie wonderlike dag.

Laat ons toe om vandag se boodskap met 'n oop hart te ontvang.

Ons vra dit in Jesus se naam - Amen